Jaargang 52 Nr. 1

ISSN 1029-8754
APRIL 2004

ROEPING en RIGLYNE

TERMYNBLAD VAN DIE VERENIGING VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS

Waaraan bou u gesin?

SO BELY DIE VCHO SY:

DOEL:

Die bevordering van

- **Christelike opvoeding**
- **Christelike Onderwys en**
- **Christelike Wetenskap**

"Die hele Skrif is deur God ingegee en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwalinge te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk" (2 Tim 3:16 en 17).

GRONDSLAG

Ooreenkomstig die Calvinistiese Hervorming: die Heilige Skrif as die onfeilbare, geïnspireerde Woord van God, in sy geheel en in al sy dele.

"Die vrees van die Here is die beginsel van die Kennis". . . (Spreuke 1:7).

"Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels . . . en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het" (Matteus 28:18-20).

MISSIE

Om deur die bevordering van Christelike Opvoeding, Onderwys en Wetenskap, toegespits op ons eie volk, persone en instellings te lei om op alle terreine tot eer van God te lewe en te werk - vgl Hand 1:8 ■

SKRIFLIG

- Ds P Veen

Amos 9:10, 5 Mei 1932

Amos 9:10

"Al die sondaars onder My volk sal met die swaard doodgemaak word, hulle wat sê: 'Ter wille van ons sal U die ramp nie laat kom nie, ons nie daardeur laat tref nie.'"

Dit sal die moeite loon om te kyk en raak te sien tot watter mate mense verblind word deur hulle selftevredenheid. Alhoewel Amos se prediking kras en duidelik die sondes op die naam genoem het waaraan die volk hulle heelhartig vergryp het, en die duidelikheid van sy boodskap dus niks te wense oorgelaat het nie, het dit op die grootste groep volksgenote so goed as geen indruk gemaak nie. Die hoorders het hom maar rustig laat voortpreek terwyl hulle met al meer ywer volhard het in hulle sonde en boosheid.

Toe Amos die onvermydelike ondergang van die volk aangekondig het, het die Israeliete ewe kalmpies, selfversekerd en uit die hoogte deur Amos aan God laat weet: "Ter wille van ons sal U die ramp nie laat kom nie, ons nie daardeur laat tref nie." Deesdae sê die mense doodgewoon: "So erg is dit darem nou ook gladnie, hoor!" Dié mense se begrip is skynbaar toegesluit vir die Bybelse waarheid dat God liewer géén volk wil hê nie, as dat Hy maar tevrede sal wees met 'n volk wat Sy liefde nie met dankbaarheid beantwoord nie, en wat hulleself daagliks al meer besoedel met die sonde van ongehoorsaamheid aan Sy Woord en wil!

Ook ons is maklik vrypostig genoeg om ons te beroep op ons gewaande godsdienstigheid wanneer iemand ons wys op ons persoonlike sonde of op ons volk se sondes. Ons verduidelik gou hoe dat ons kerk toe gaan, hoe ons ons bydrae lewer tot sendingaksies en ander vorme van kerklike aktiwiteite. Ons verhef ons maklik asof die Here se voorregte aan ons, ons eie verdienste is! In ons vergelyking met ons medemense is ons baie, hoogs, tevrede dat dit in ons gesinne en land baie beter daaraan toegaan as by die "andere" op wie ons graag neersien. Met sulke mooi prestasies op "ons" kerfstok, is ons dan ten volle geregverdig om enige "doemprofeet" stil te maak met ons teksvers hierbo!

Sal ons nie bid om oop oë om die voorbeeld van die volk Israel te

Vervolg op bl 8

IN HIERDIE UITGAWE

Verbondsgesin in Skriflig 5
Bybelse opvoedingsfilosofie 7
Christelik-nasionale onderwys 9
Huldeblyk dr Matzken 11
Pretoria-seminaar 12

Kantoornuus

- *H J Hayes*

Ledereaksie bemoedig

In die loop van verlede jaar het die kantoor die kongresbesluit oor verhoogde lede-bydraes geïmplementeer. Die beleid oor bydraes behels dat dit vrywillig en na vermoë sal wees. Die verhoging het daarop neergekom dat daar na 'n nuwe minimumvlak aangepas word, sodat die VCHO daarmee kon voortgaan om steeds minstens drie uitgawes van *Roeping en Riglyne* per jaar te versprei.

In die geval van bydraes wat die gesuggereerde minimum in daardie stadium oorskry het, was geen kennisgewings uitgestuur nie. In ander gevalle was lede deur die uitstuur van die maandelikse kennisgewings, of per nota in die geval van debietorders, daarvan verwittig. Al ons lede het dus nie kennisgewings ontvang nie, waaruit afgelei moet word dat u bydrae nog voldoende is.

Ons het nie geweet wat die reaksie op die verhoging sou wees nie, aangesien dit 'n saak is wat nie noodwendig altyd oral ewe goed ontvang word nie. Nou, na verloop van byna 'n jaar (die besluit is in April 2003 geneem), is ons in 'n posisie om 'n evaluering te kan doen. Ons kan ons lede nou meedeel dat gunstige en positiewe reaksie op die verhoging ontvang is.

Lede was slegs gevra om na die gesuggereerde minimumvlak aan te pas. Daar was nie lede wat hierteen beswaar aangeteken het nie. Elkeen het na minstens die minimumvlak, en heelwat (uit eie beweging) na bokant die gevraagde minimumvlak beweeg. Oor elke bydrae, wat ookal die aard daarvan is, is ons egter dankbaar. Soos wat die bydraes tans gestruktureer is, stel dit ons in staat om meer as ons gestelde doelwit betreffende ons tydskrif, te haal. Daar is bykomend ook die bonus dat ander projekte wat in die vooruitsig gestel word, in hierdie jaar aangepak of afgehandel sal kan word.

Ons kan die reaksie van ons lede wat hierdie en ander sake betref, nie anders bestempel nie as dat daarin 'n betoning van rentmeesterskap gesien word, wat vermeld moet word.

Langs hierdie weg ons hartlike dank teenoor al ons lede. Die gesindheid wat hieruit spreek, het die kantoorpersoneel uitermate bemoedig.

Familiarisasie

In 'n veranderende ekonomie wat al hoe groter eise stel, ten einde te kan oorleef, word dit deesdae al hoe meer verneem dat die oplossing gesoek word in die rigting van 'n verstewiging van familiebande. Families word as't ware geforseer om ter wille van ekonomiese oorlewing by mekaar te staan. Deur familiebinding word daar kragte in ons volkslewe ontketen wat, vir die voortbestaan van ons volk, van onskatbare waarde is. Uiteindelik gaan dit om baie meer as net ekonomiese oorlewing, wanneer ander groter belange, wat in die verlede moontlik al in verwaarlosing geraak het, opnuut ontdek en weer gekoester word.

Daar word byvoorbeeld aan familiebyeenkomste van weleer, soos wat dit destyds onder ons volk die gebruik was, gedink. (Miskien is dit nie in heersende ekonomiese omstandighede moontlik nie.) Wanneer gesinne egter op hierdie en ander wyses in familiebande saamgesnoer word, kan dit vir die Koninkryk geweldig baie beteken. Dan beweeg ons in die rigting van 'n samelewing wat al meer begin lyk soos wat dit oorspronklik die Alwyse bedoeling van God was. Kom ons lees maar weer die Bybelse weergawes van geslagsregisters wat ons baiekeer maar net oorslaan. Daar sit baie meer daarin as blote kroniek.

In VCHO-geledere het ons gesinne en families wat hierdie saak al lankal so insien. Ons is bewus van gesinne wat saam tyd inruim om Christelike literatuur deur te werk en 'n bespreking daaroor te voer. Daarna word dit na die familie en vriende uitgebrei. (Groot-) ouers wat die belang van hul (klein-)kinders ernstig op die hart dra, teken namens hulle vir 'n jaar of wat in op ons tydskrif.

Ons is ook bewus van families wat dit ten doel stel dat verbondsinligting binne die samestellende gesinne en lede van daardie families versprei word. Benewens gereelde gebed, is daar onontbeerlike werk wat gedoen moet word, waarvan geen verbondsouer/ -kind verskoon durf word nie, indien ons die herstel van 'n Christelike samelewing in die vooruitsig stel.

In 'n tydsgewrig waar die fokus veel skerper op die verbondsgesin begin val, is dit die taak van elkeen wat 'n belang daarby het om die gesinstruktuur na die beginsels van die Woord te help versterk en vandaar uit die familiebande te verstewig.

Produkgerigtheid

Die besef van die noodsaaklikheid van 'n produkgerigte benadering tot dit wat die Vereniging aan sy lede en in wyer verband kan bied, het nuwe strukrag aan die uitvoering van die missie gegee. In hierdie verband is die toespitsing tans veral op die beskikbaarmaking van vakmateriaal van 'n gereformeerd-christelike inslag. Hierdie inisiatief het veral drie uitlopers, te wete (i) die projekgerigte samewerking met geesgenootlike instansies, ten einde vakmateriaal wat hieraan voldoen beskikbaar te maak; (ii) die identifisering van vakmateriaal wat as Bybelgefundeerd aangebied word en wat handboeke

Vervolg op bl 4

Wat wys ons vir ons kinders?

- ds C Bester

Oor 'n wye front is daar eenstemmigheid. Indien die "totale aanslag" op die voortbestaan van 'n Christelike Afrikanervolk – en alle ander Christelike volkseenhede ry in dieselfde bootjie – enigsins die hoof gebied sal word, sal die speerpunt van so 'n aksie in die Christelike gesinslewe gevind moet word.

Geen mens is 'n eiland in die volkeresee nie. Ons Alwyse Skepper het dit só gewil dat die mens binne 'n geborgde familiestruktuur moet leef. Gelukkige gesinne maak gelukkige samelewings en gelukkige samelewings maak op hulle beurt gelukkige volke!

Wat maak van gesinne, gelukkige gesinne? Natuurlik wanneer die lede van 'n gesin gelukkig is. Daar is mense wat daarom reken dat hulle geluk moet verseker met die najaag van sosiale status ... of van geldelike sekuriteit ... of van hoë geleerdheid... en so meer. Alle dinge wat hierdie aardse, tydelike en verbygaande, lewe sterk en voorspoedig kan maak, word as eind-ideaal voorgehou. Maar die mens is nie geskape om tevrede te wees met halwe mate nie.

Augustinus het alreeds eeue gelede opgemerk dat die mens se siel en gees rusteloos bly totdat hy rus vind in sy God. Die mens is geskape om ewige sekuriteit en vrede te soek en na te jaag. Hierdie vervulling van die doel met sy skepping, bereik die mens net wanneer hy aan sy Skepper se bedoeling beantwoord. Die Bybel is God se uiteensetting van hierdie bedoeling.

Dit is daarom dat liberale teoloë en slawe van die stoflike dinge met alle mag veg om die Bybel in diskrediet te bring. Dié arme mense bereik presies die teenoorgestelde van wat hulle hulle ten doel gestel het, naamlik 'n gelukkige mensdom. Solank as hulle die Skepper se Handboek ignoreer, sal hulle ook nie Sy vrede en sekuriteit ondervind nie.

God sy dank! Elke mens wat Hom op Sy Woord alleen neem en gehoorsaam, groei dag-vir-dag sterker in die geloof en in die gevolglike sekerheid, veiligheid en genot! Hierin lê die seën van die Christelike Verbondslewe opgesluit. Dit is die inhoud van wat ouers by die Doop aan God beloof, om aan hulle kindjie oor te dra (deur woord en deur voorbeeld). Indien 20% van ons huisgesinne nog huisgodsdiens getrou beoefen (en is daar wel nog

20%?) beteken dit dat daar 80% kerkmense is wat God bespot en terg deur die nie-nakoming van hulle beloftes aan God! Is dit dan nog snaaks om in ons midde 'n soortgelyke oordeel te beleef as wat Israel in Hosea 4 getref het?

Wat sien u kind(ers) in u lewenstyl? Watter lewensvaardighede demonstreer u daaglikse voorbeeld? Watter ingesteldheid teenoor God, Sy Woord, die stoflike wêreld, vertoon u aan u kinders? Doen u daagliks drieoefeninge in u en u kind se geestelike lewe? Is u elke keer bereid om God se Woord onvoorwaardelik u eerste keuse te maak en om u kinders só te leer en vóór te gaan?

Gelukkige kinders het gelukkige ouers. Hulle gelukkigheid ontspring alleen uit die veiligheid, sekerheid en genot wat God gee.

Dit het baie laat geword. Daar is geen tyd meer vir uitstel nie. Ons staan diep in die skuld voor God op grond van ons eie belofte(s). Wil u en u kind LEEF? Wil u u kind se ewige geluk verseker? Doen dan wat 2 Kor. 4:18; 5:6-10 sê: "Lewe soos wat Hy dit wil!"

Onthou altyd: U kind "luister" met sy oë, nie met sy ore nie! Wat sien hy in u lewe?

Internasionale Jaar van die Gesin

- dr L Hoffman

Tydens die jaar 2004 vind die tienjarige feesvieringe van die VVO se "Internasionale Jaar van die Gesin" plaas. Die leuse is: "Bou die kleinste demokrasie in die hart van die gemeenskap." Oogmerke wat onder andere vir die tiende jaar gestel word, sluit in:

- Skep 'n groter bewustheid vir gesinsake by regerings en die privaatsektor;
- Stel nasionale instellings in staat om beleid rakende gesinne te formuleer, interpreteer en toe te pas;
- Stimuleer pogings om te reageer op probleme wat deur gesinne beleef word;
- Evalueer omstandighede en behoeftes van gesinne met die oog daarop om spesifieke kwessies en probleme te identifiseer.

Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling van Suid-Afrika beplan ook om te deel in die "Internasionale Jaar van die Gesin". Internasionale dag van die gesin is 15 Mei. Sommige Kerkgenootskappe het besluit om in hulle tema vir die jaar hierby aan te sluit. Talle publikasie met die gesin as tema sal ook hierdie jaar nuut op die rakke verskyn. Elders in hierdie uitgawe word sommige publikasies wat reeds beskikbaar is kortliks bespreek.

Dit is verblydend om te sien dat die gesin hierdie jaar op verskeie fronte aandag gaan geniet. Aangesien die Here self die "Ontwerper" van die gesin is, sal programme en bydraes oor die gesin slegs blywende waarde en invloed kan hê indien dit vanuit 'n Bybelse perspektief aangebied word. In aansluiting by die "Jaar van die Gesin" sal in *Roeping en Riglyne* ook aan hierdie saak vanuit 'n Christelike perspektief aandag gegee word.

Welke bydrae maak 'n persoon se Christenskap tot hulle gesin? Is daar werklik 'n onderskeid tussen gelowige en ongelowige gesinne sigbaar? Watter spesifieke bydrae kan die VCHO tot "Jaar van die gesin" maak? Lede word utigenooi om hul gedagtes oor hierdie en ander sake aan die redaksie deur te gee.

Godsdiensonderrig

Die parlement het in 2003 wetgewing deurgevoer wat 'n wesenlike invloed op godsdiensonderrig (hedendaags is dit onderrig in godsdienste) sal uitoefen, waarvan ouers en onderwysers kennis behoort te neem.

Die algemene verwagting was dat die minister van onderwys aan oproepe uit verskeie oorde gehoor sou gee, deur met oplossings vir sekere knelpunte by wyse van wetgewing, vorendag te kom.

Die wysigingswet op onderwys van 2003 laat die indruk van 'n verbetering. Vergewis uself egter, of dit wel die geval is, deur bywoning van die komende seminaar in Pretoria, waar kenners hulle hieroor sal uitspreek. (Vgl. ook berig op bl. 12)

Christelike onderwys na 2004 - wat kan nog daarvan teregkom?

Seminaar aangebied deur die VCHO op 27 April 2004 in die kerksentrum van die Gereformeerde Kerk, Rietvallei, Erasmuskloof, Pretoria

07:30 - 08:00	Registrasie
08:00 - 08:30	Opening
08:30 - 09:10	'n Evaluering van staatkundige verwikkelinge, met verwysing na onderwys in die besonder - mnr Leendert van Oostrum
09:10 – 09:50	Faktore wat die nasionale en privaat-onderwys se lewensvatbaarheid in 2004+ sal bepaal. 'n Geostrategiese ontleding - dr Chris L. Jordaan
09:50 – 10:30	Wat word gedoen om Christelike onderwys op gereformeerde grondslag te bevorder - ds Wikus Buys
10:30 – 10:50	Verversings
10:50 – 12:20	Die intergeloofskaping van godsdiens in die onderwys: 'n terugskouing - mnr Sarel van der Merwe met 'n videogesteunde voordrag
12:20 – 12:50	Paneelbespreking
12:50 – 13:00	Sluiting

Koste: R50 per persoon, verversings ingesluit
Navrae: dr Hoffman, tel 051-4489160/4464

Ouers en onderwysers in besonder word uitgenooi. Kom neem deel aan die bespreking en lug u mening.

Kantoornuus *Vervolg van bl 2*

van selfs 'n oorsese oorsprong kan insluit, en as sodanig deur die VCHO se komitee vir vakmateriaal as geskik gevind word en (iii) die ontwikkeling vanuit die grond uit van nuwe materiaal, waaraan die komitee deurlopend aandag gee.

Vakmateriaal van 'n sekulêre inslag word tans teen ongekende skaal aan veral openbare skole beskikbaar gemaak.

Die Vereniging beywer hom daarvoor dat die vakinhoude van onderskeie vakgebiede (leerareas) Bybelgefundeerd sal wees. Dit geld nie net vir Bybelonderrig nie, maar elke ander terrein, ook die Biologie as voorbeeld, waar die evolusionisme toegelaat word om voort te woeker.

'n Onverklaarbare tweeslagtigheid in die onderrig van ons kinders kom daarin na vore dat in hulle vormingsjare die skeppingsleer aan hulle gebring word, maar later in hulle jongmensjare, die teenstellende evolusieteorie, wat ten grondslag van Kurrikulm 2005 lê, in skoolonderrig deur ouers geduld word. Soortgelyke argumente kan ook na die ander terreine/ leerareas deurgetrek word. Ons moet tog konsekwent wees, ter wille van die eenheid van die geloof.

Die Vereniging se Bybelonderrigleerplan in Afrikaans is in 2003 vrygestel en baie gunstige reaksie ontlok. Tans is daar 'n aanvraag vir die Engelse weergawe, wat na verwagting teen die helfte van 2004 be-

Die verbondsgesin in Skriflig

- ds G van Heerden

Tydens die VCHO-kongres van April 2003 het ds Gert van Heerden 'n bydrae oor die verbondsgesin gelewer, wat hier in aansluiting by ons tema, geplaas word.

Primêre bousteen

"Die gesin is die kleinste eenheid van die groot samelewing van groepe, nasies, volkere, statebonde en wêreldorganisasies. Tog is dit die sterkste, magtigste en mees behoudende faktor in die lewe van die mens op aarde." Aldus staatspresident CR Swart tydens die gesinsjaar 1961.

In die lig hiervan is dit duidelik dat verval in kerk en volk uit gesinsverval sal spruit. Anders gesê: Die verval in die gesinslewe spoel oor in die kerk- en volks- (kultuur) lewe en is die resultaat van 'n geestelike krisis wat bestaan. Verval vind plaas omdat die Woord versaak word, ook ten opsigte van ons gesinne.

Die krisis

'n Studie in die VSA toon dat 7% kinders uit normale huise kom, met ander woorde gesinne wat aan die Bybelse minimum voldoen. By ons is dit waarskynlik slegs marginaal beter. Kan dit anders as dat die volk verwilder? Let wel, om by sy eie vader en moeder te woon is 'n kind se geboortereg. Die morele standaarde in Suid-Afrika is ontstellend (en skokwekkend). Moenie dink dat Afrikaners nie geaffekteer is nie!

Die krisis ten opsigte van gesinne kan as volg aangestip word:
Gebroke gesinne
Reddelose kinders
Leierlose ouers
Kerklos en Bybellos lidmate

Herstel?

Jos 24:15 " Ek en my huis - ons sal die Here dien." U sien - dit is 'n verbondsvader se besluit! Dit is 'n man wat sy rol verstaan en sy verantwoordelikheid nakom. Hoe soet sal dit vandag klink: "Ek en my gesin - ons sal die Here dien!" Dit is 'n vader en moeder wat hulle rol verstaan en verantwoordelikheid aanvaar. Dan kan iets teregkom van Deut. 6:6-9 "Hierdie gebooie wat ek jou vandag gegee het, moet in jou gedagtes bly. Jy moet dit inskerp by jou kinders en met hulle daaroor praat as jy in jou huis is en as jy op pad is, as jy gaan slaap en as jy opstaan. Jy moet dit as herinneringsteken vasbind aan jou hande, en dit moet 'n merk op jou voorkop wees. Skryf dit neer op jou deurkosyne en op jou stadspoorte."

Dan kan 'n gesin tot stand kom waar daar werklik 'n verbondsvader en -moeder is en kinders wat binne die verbondsdampkring opgevoed word met liefde en dissipline. Ouers moet tyd vir hulle gee. Laat ons ons nie deur die sogenaamde kwaliteittyd wat die belangrikste is, laat lei nie. (Vergelyk kwaliteit 20gr biefstuk - is dit goed genoeg?)

Ons leef in die tyd van afwesige ouers. Wie het die kinders opgevoed? Eers vader en moeder, toe moeders en later ander vroue (dagmoeder, skooljuffrou, (vr)ouderlinge en vroueleraars). Daarom lê die grootste krisis by die manne. Hoe kan hy 'n verbondsvader word buite ondervinding van 'n verbondsgesin/ Bybelse gesin? Gesinsherstel – ware verbondsgesinne sal lei tot kerk- en volksherstel.

Hoe lyk 'n verbondsgesin?

Die Here het ook die huisgesin in die lewe geroep toe Hy opdrag gegee het dat daar slegs uit die huweliksverbintenis kinders gebore moet word (Gen. 1:28). So ontstaan 'n menslike drie-eenheid van vader, moeder en kind(ers).

Vervolg op bl 13

Kantoornuus *Vervolg van bl 4*

skikbaar sal wees. Gedeeltes daarvan is nog in die proses van vertaling, wat die oponthoud veroorsaak.

Volgens die model van projekgerigte samewerking is daar in 2003, op inisiatief van die komitee vir vakmateriaal, met die evaluering van bestaande vakmateriaal wat as gereformeerd van inslag aangebied word, 'n begin gemaak. Hierdie onderneming is nog in 'n baie vroeë stadium, maar het tot dusver baie suksesvol verloop.

Vakmateriaalontwikkeling bly egter 'n duur onderneming. Daarom is ons dankbaar vir fondse wat na die betrokke rekening vloei. Dit is die VCHO se Stokerfonds by ABSA Bank, Maitlandstraat-Oos, Bloemfontein, en die rekeningnommer is: 90 55 59 95 66. Danksy verkope van veral ons Bybelonderriglaserskyf die afgelope jaar kon daardie fonds aansienlik versterk word en is dit op pad na R100 000. Voorts het verskeie donateurs 'n besondere bydrae tot die fonds gemaak, wat vermelding verdien.

Seminaar en kongres

Besonderhede van die seminaar in April te Pretoria, verskyn elders in hierdie uitgawe. Ons doen 'n beroep op ons lede ter ondersteuning daarvan.

Ons herinner ook aan die kongres later die jaar einde Augustus, waarvan besonderhede in 'n volgende uitgawe bekendgemaak sal word.

Boeke vir die gesin

- dr L Hoffman

Dit is Internasionale Jaar van die Gesin – die ideale tyd om boeke oor die gesin aan te skaf of as geskenke uit te deel. Verskeie boeke met die gesin as tema het onlangs die lig gesien en waarskynlik sal nog 'n paar hierdie jaar hulle verskyning maak. Boeke bied die geleentheid om een van die kosbaarste verhoudings in 'n persoon se lewe, die gesin, nog meer te verryk en te geniet.

Een van hierdie boeke is saamgestel deur die Focus on the Family-groep. Die titel van die boek: *Geestelike groei van kinders*. Daar is boeke op die mark oor dissipline van kinders, kreatiewe ouerskap en baie meer. Selde kry 'n mens egter 'n boek in die hand wat 100% fokus op die geestelike groei van kinders. Verbondsouers het 'n groot verantwoordelikheid vir die geestelike opbou van hulle kinders, maar word selde goed genoeg daarvoor toegerus.

Praktiese riglyne word in hierdie boek gegee hoe 'n ouer hulle geestelike erfenis aan hulle kinders kan oordra. 'n Hele afdeling word aan die verskillende ouderdomsfases en hoe om daarby aan te sluit, gewy. In die bylae word antwoorde op 'n paar aktuele vrae gegee, asook 'n lys van tekste vir memorisering volgens onderwerp ingedeel. Die doel van die boek is om ouers te help om 'n doelgerigte plan vir die geestelike groei van hulle kinders te ontwikkel. Skaf hierdie boek aan of gee dit as geskenk. Die uitgewers van die boek is die Christelike Uitgewersmaatskappy Vereniging (CUM).

Verbondsouers het 'n onvervreembare verantwoordelikheid ten opsigte die geestelike groei van hulle kinders. Nog 'n kosbare boek vir die gesin is *Die kuns van familiewees* deur Ewald van Rensburg en Nico Simpson, ook uitgegee deur CUM. Die skrywers wil gesinne aanmoedig om agt gesinsgewoontes uit te leef. Deur hierdie gewoontes uit te leef kan elke gesin 'n stukkie hemel op aarde beleef, "hemelse bloeisels wat vir die res van die wêreld die boodskap sal uitstuur dat God se ewige somer op pad is." Die gesinsgewoontes sluit onder andere die vertel van stories, feesviering en ontmoetingsgeleenthede met God in.

Die skrywers se siening is: Hoe nader 'n gesin aan God beweeg, hoe nader beweeg hulle aan mekaar. En ook: Hoe nader 'n gesin aan mekaar beweeg, hoe nader beweeg hulle aan God. Die sewe sleutels van gesinsliefde wat in die boek genoem word, is iets wat elke gelowige moet toepas. Die sleutels is:

Vergewende liefde
Dienende liefde
Volhardende liefde
Beskermende liefde
Feesvierende liefde
Vernuwende liefde
Vriendskapsliefde

Ds Van Heerden verwys in 'n artikel elders in hierdie uitgawe na die gesin wat 'n basis vir die samelewing, en 'n leerskool en 'n werktuig vir die Here moet word. Hierdie boek kan 'n gelowige juis hierin begelei. Gesinsjaar bied 'n geleentheid om ekstra aandag te gee aan iets kosbaars wat die Here aan ons toevertrou – ons gesin. Selfs nadat die kinders die huis verlaat het, speel ouers 'n belangrike rol in hulle volwasse kinders se lewe, asook in die kleinkinders se lewe. Die aankoop of uitneem van 'n boek oor gesinne beteken nie 'n gesin het probleme nie. Dit beteken wel dat daardie gesin erns maak met een van hulle belangrikste en langste verhoudings. So 'n gesin gebruik die geleentheid om hul godgewe potensiaal te bereik as gesin wat die Here verheerlik en saam aan mekaar se lewens en Sy Koninkryk bou. Gaan besoek gerus 'n goeie boekwinkel of biblioteek en vind 'n boek wat u gesin, of u kinders en kleinkinders se gesinne sal verryk.

In die kol vir kinders

Die Redaksie het die volgende kommentaar van 'n lid ontvang oor die boek: "'n Mooi verhouding met jou ouers – Wat sê die Bybel".

"Van my, 'n ouer en ouma se kant gesien, is dié boekie pragtig in die kol vir enige kind: dié resep vir die gewenste verhouding met sy ouers. Dit kan net werk soos wat God bedoel het dat dit moet werk. In die tyd dat TV-kykers lui is om te lees, is die boekie kort en kragtig, en kan dit in 'n middag deurgelees word. Dis 'n moet in die opvoeding in die ouerhuis waar die fondamente gelê word. Dis ook 'n bekostigbare geskenk vir elke tiener!"

Die skrywer is Hannan Viljoen. Uitgewer: Lig Publikasies, Posbus 15154, Lynneast 0039. Tel 012-332 1474.

’n Bybelse opvoedingsfilosofie – Deuteronomium 6

(’n Vryvertaalde weergawe van ’n bydrae in Engels wat van dr J Morecraft III ontvang is – kyk aan die einde van hierdie artikel)

1. Inleiding

Christelike opvoeding en Christus se groot opdrag

Christelike opvoeding moet binne die konteks van die sending van die kerk in die wêreld verstaan word. Die groot opdrag in Mt 28:18-20 gee aan die kerk ’n driesydige mandaat om deur die evangelie dissipels van alle nasies te maak, kerke onder alle nasies te stig en om hulle wat op die evangelie reageer het (dissipels), op te voed: “leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het...” Dit maak Christelike opvoeding ’n wesenlike deel van die groot opdrag. Wanneer die kerk nie betrokke is by Christelike opvoeding nie, is die kerk ontrou aan die mandaat van haar Heer en Verlosser.

Christelike opvoeding en die genadeverbond

Christelike opvoeding moet ook verstaan word binne die konteks van die band van ewige vriendskap wat God met sy mense in Christus deur die verbond gesluit het, waarin God ons Soewereine-Vriend is en ons Sy getroue dienaar – kinders, Gn 17:1. Die onmiddelike Bybelkonteks, Deuteronomium 5-7, gee belangrike inligting rakende die aard van die band van die genadeverbond. Deuteronomium 5 toon dat God se totale aanspraak op ons in Sy verbond die wortel vir die kerk se bestaan en sending is. Deuteronomium 6 herinner dat, as gevolg van God se aanspraak en gemotiveer deur geloof in Christus, ons die verantwoordelikheid het om volkome gehoorsaam aan Hom te wees. Deuteronomium 7 spel die aard van ons gehoorsaamheid aan Hom uit deur te verwys na afskeiding van die bose en oorwinning van die wêreld deur die Woord van God.

Binne hierdie verbondmatige konteks moet Christelike opvoeding

gesien word as ’n wesenlike deel van ons totale gehoorsaamheid waartoe God se genade ons in Christus roep. Deur onsself, ons vriende en families op te voed, leer ons hoe om te leef en te dink in terme van God se geopenbaarde wil, en so toegerus te word om Sy Koninkryk in onsself en oor die hele aarde te bevorder, Gn 1:28.

Christelike opvoeding en die gesin

Soos later in meer besonderhede in hierdie artikel bespreek sal word: omdat kinders ’n geskenk van God aan ouers is, word die gesag en verantwoordelikheid van opvoeding en opleiding van kinders deur God aan ouers gegee, Dt 6:7. Roland Barnes het geskryf: “The duty of education is therefore a family responsibility. The family is the fundamental unit of society under God and it is the duty of parents as led by the father to prepare their children to function righteously under God’s rule in all spheres of life...” (*The Parental Responsiblilty for Education*, Statesboro, Georgia).

2. Die oogmerk van Christelike opvoeding

Die uiteindelike doelstelling in opvoeding is om God te ken, Hom te verheerlik en ons vir ewig in Hom te verbly, Jh 17:3; 1 Kor 10:31; Prd 11:7. Om die hoogste doel van die menslike bestaan te bereik, voed ons ons gesinne op met die volgende mikpunte in gedagte:

Die ontwikkeling van ’n Christelike lewe (Dt 6:1-2)

Gelowige ouers en hul kinders is deel van God se verbondsfamilie - Dt 29:10-13. Die Westminster Confession of Faith stel dit dat die sigbare kerk van God “consists of all those throughout the world that profess the true religion, together with their children” – XXV:ii. God het belowe om ons God te wees en ook die God van ons kinders deur al die geslagte in ’n ewige verbond – Gn 17:7, Hd 16:31; daarom moet ons hulle leer en toerus om te leef volgens die wette van God se verbond, soos in Sy Woord geopenbaar. Hulle moet deeglik onderrig word hoe om getroue lede van God se verbond te wees.

Die ontwikkeling van ’n Christelike intellek (Dt 6:8)

Verbondskinders, wat na liggaam en siel aan God behoort, moet leer om oor alles vanuit ’n duidelike Christelik/Bybelse perspektief te dink – 2 Kor 10:5. “... the Christian mind (is) a mind trained, informed, equipped to handle data of secular controversy within a framework of reference which is constructed of Christian presuppositions. The Christian mind is the prerequisite of Christian thinking. And Christian thinking is the prerequisite of Christian action.” (William Blamires, *The Christian mind*, London: SPCK, 1963.) Ons lewe op die wyse waarop ons lewe, omdat ons dink soos ons dink, of soos die Bybel dit stel, “ soos iemand in sy hart dink, so is hy.” (Hierdie uitgangspunt word ook “paradigma” genoem. – Red.)

Vervolg op bl 8

Bybelse opvoedingsfilosofie

Vervolg van bl 7

Die ortodokse Judaïsme interpreteer Dt 6:8 letterlik, hoewel die figuurlike aard daarvan duidelik is. (1) Die konteks laat ons nie dink dat dit letterlik opgeneem moet word nie; (2) "Hierdie gebooie" in vers 6 verwys nie net na 6:6-9 nie, maar volgens 6:1,2 ook na alles wat Moses vir Israel geleer het, wat dus 'n letterlike toepassing van verse 8-9 onmoontlik maak. Elders sê die Bybel ook dat die wet van God op ons oë en tong geskryf moet word, Spr 3:3; 7:3. Die punt is dat die Woord van God alles wat ons met ons hande doen, alles wat ons met ons verstand dink en alles wat ons in ons huise doen, moet regeer.

Die ontwikkeling van 'n Christelike kultuur en beskawing (Dt 6:1)

Omdat die Koninkryk van Jesus Christus elke sfeer van die lewe oordek, regeer en transformeer, Dn 7:13-14, roep Hy Sy dissipels op om die eise van Sy Koninkryk in elke sfeer van die lewe te verkondig, totdat "die kennis van die Here die aarde bedek, soos die aarde bedek is met die waters van die see."

Die Koninkryk van Christus is die manifestering van die soewereine regering van God deur krag en genade, wat 'n nuwe orde (beskawing) van geregtigheid en seën in die geskiedenis in Jesus Christus vestig, in vervulling van God se verbondsbeloftes. Ons moet ons kinders leer om hulself te sien as diegene wat die uitbreiding van die Christelike beskawing moet beskerm en vervolmaak.

Dr Morecraft gaan dan voort deur te stel dat daar net twee wedersyds-uitsluitende opvoedingsfilosofieë is. Dit is die gevolg van twee wedersyds-uitsluitende filosofieë oor die mens en die doel van beskawing en kultuur, aldus Van Til. (Cornelius van Til, *Essays in Christian Education*, p 36.) Hy haal ook vir Chris Strevel aan wat daarop wys dat kulturele en opvoedkundige doelwitte aan mekaar verbind is. Die ongelowige voed sy kinders op om 'n ongelowige, antichristelike kultuur te vestig. Die Christen voed sy kinders op om in elke faset van die lewe eerbied vir die Here te betoon. Die Christelike opvoeder, ouer en onderwyser moet altyd hierdie doel in die oog hou. Dit sal sy ingesteldheid, doel, metode en standaard in die klaskamer bepaal. Welke vak ookal oorgedra word, die doel sal wees om die Christenstudent te leer om die kennis te gebruik om God te verheerlik en 'n Christelike kultuur te bou. Hy/sy wil hê die student moet weet hoe om die kennis te gebruik om Christus se saak op aarde uit te bou. (*Christ and the transformation of culture*, IV, "What sort of Christian Education will build a truly Christian culture?", Chalcedon Presbyterian Church, Atlanta, Georgia).

In die volgende uitgawe van *Roeping en Riglyne* sal die tweede aflewering uit dr Morecraft se artikel geplaas word, waarin dit oor die vooronderstellings vir Christelike opvoeding sal handel.

Dr Joe Morecraft is sedert 1974 leraar in die Chalcedon Presbyterian Church, Cumming, Georgia, in die VSA. Hy het reeds boeke en verskeie artikels gepubliseer, onder andere 'n boek in Suid-Afrika getiteld: *Liberation Theology: Prelude to Revolution.*

Teoloë, opvoedkundige en sielkundiges sê oor gesinne die volgende:

"Kinders kan nie 'n beter erfporsie as gelowige ouers hê nie." – Nels F S Ferre

Kinders spel liefde só – "T-Y-D". Anthony Witham

Gelowiges se nalatenskap

Dr Robert Matzken het op verskillende wyses 'n bydrae tot Christelike opvoeding en onderwys gelewer. Die VCHO was ook bevoorreg om in 2001 'n besoek van hom aan Pretoria en Bloemfontein te help reël en aanbied. In die Augustus 2001 uitgawe van *Roeping en Riglyne* is een van dr Matzken se voordragte gepubliseer. Die titel hiervan: "Opvoedkunde wat toegang verleen tot die onderwêreld – die okkulte in opvoeding". As skrywer en spreker het hy op verskeie forums 'n bydrae gelewer. Een so 'n geleentheid was tydens 'n ledevergadering van die Vereniging Bijbel en Onderwijs. Op 13 Junie 2002, tydens genoemde byeenkoms, het hy 'n lesing gelewer met die titel: "Omgaan met de Bijbel in een postmoderne tijd". Die volledige artikel kan op die internet verkry word by: www.bijbelenonderwijs.nl/index.php?item=lez:bijbelinpostmodernetijd. U kan ook 'n afskrif van die kantoor bekom.

Dr Matzken wys in sy lesing op die interessante punt dat tipiese "post-

Vervolg op bl 13

Skriflig *Vervolg van bl.1*

verstaan nie? — en die gemeentes in Klein-Asië waarvan die geskiedenis bevestig dat God Sy lig van die kandelaar wegneem wanneer Sy gemeente ontrou is aan Hom!

Niemand kan tog vir die Alleswetende God wegkruip agter vroom praatjies en klein daadjies nie! Dit alles beteken vir God niks wanneer die "diens aan Hom" nie kom uit 'n onverdeelde hart van liefdesoorgawe aan Hom en Sy wil nie.

Jesus het gesê (vgl. byvoorbeeld Matt. 7:21-28) dat dit nie genoeg is om te bely, te preek of selfs duiwels uit te dryf nie! Egte godsdiens is "om die wil te dóén van ons Vader wat in die hemel is."

(Lees gerus ook wat Jakobus skryf oor "daders" van die Woord. – Red.)

Christelik-nasionale onderwys en die huidige onderwysbedeling

- prof P H Stoker

'Neutrale' (nasionale) onderwys

Met Jan van Riebeeck se vertrek uit Nederland na die Kaap was die Heilige Skrif die grondslag van 'n reformatories-Bybelse lewens- en wêreldbeskouing wat op die gebied van die Godgeleerdheid, en op die kerklike, maatskaplike en staatkundige terreine 'n groot invloed in Frankryk, Switserland, Nederland, Engeland en Skotland, en ook groot dele van Duitsland, Pole en Hongarye uitgeoefen het.

Die formele hoofbeginsel van hierdie lewens- en wêreldbeskouing is dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, wat Sy lig op alle terreine van die menslike lewe en die wêreld werp, en wat nie slegs vir die godsdiens en vir die saligmaking van die mens van belang is nie.

Vroeg in die negentiende eeu is die liberale invloed van die Franse Rewolusie ook in die onderwys aan die Kaap ervaar toe advokaat De Mist die bewind vir die Bataafse Republiek oorgeneem het. Vir die eerste keer in ons geskiedenis moes die gereformeerde staatskool in 1804 plek maak vir die 'neutrale' staatskool. Aan die staat is opgedra om **volks**onderwys te verskaf en om kinders op te voed tot goeie staatsburgers. Die aksent van die onderwys het verskuif van die Christelike na die nasionale. Die vreemde invloed is deur die Britse bewind na 1806 bestendig.

Toe is die Christelike beginsel nie alleen aan die onderwys ontneem nie, maar ook die Afrikaans-nasionale. Die ouers het geen seggenskap meer in die onderwys gehad nie. Dit was Brits-imperialistiese onderwys met die doel om die inwoners van die Kaap en by name die Afrikaners te verengels as burgers van Brittanje. Dit was Brits-nasionale onderwys.

Die eerste onderwyswetgewing in die Zuid-Afrikaanse Republiek, Transvaal, het aan die ouers, die staat en die kerk elkeen sy regmatige plek toegeken en die gees en rigting was Christelik en nasionaal. Met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog het die Transvaal en Oranje-Vrystaat elk 'n goed-gevestigde onderwysstelsel gehad, in ooreenstemming met die reformatories-Bybelse lewens- en wêreldbeskouing van die Boerebevolking.

Die onderwysstelsel van die Boererepublieke is egter deur die Oorlog heeltemal ontwrig en 'n totaal volksvreemde Britse onderwysstelsel is vanaf 1903 ingevoer. In Maart 1906 het 'n sterk CNO-organisasie ontstaan. In dieselfde jaar het die destydse Minister van Onderwys van die Transvaalse Kolonie, genl. J.C. Smuts, die mense oortuig dat die nuwe regeringskole die mense alles sou gee wat hulle verlang. Baie CNO-skole het, weens gebrek aan fondse, in regeringskole oorgegaan.

Wat is (was) Christelik-nasionale onderwys (CNO)?

Die uitdrukking Christelik-nasionale onderwys is aanvanklik in Kaapland gebruik na 1805, na die tweede besetting van die Kaap deur Brittanje, en daarna veral na die Tweede Vryheidsoorlog. Met CNO het die Afrikaner uitdrukking gegee aan sy ideaal om sy kinders deur die onderwys op te voed volgens reformatories-Bybelse beginsels, in sy stryd teen die sekularisering en verengelsing van die openbare onderwys. Na die Tweede Vryheidsoorlog het die staat dan ook aan die Afrikaner sy eie skole voorsien na aanleiding van die CNO-stryd.

Die Afrikaanssprekende en die Engelssprekende het afsonderlik hulle eie volk-skole gehad het. So was geskiedenis vir die Afrikaner Europese en Suid-Afrikaanse geskiedenis, en vir die Engelssprekende was dit Britse geskiedenis. Behalwe vir Bybelonderrig en skoolopening en -afsluiting was daar geen Christelike (reformatories-Bybelse) onderwysing nie. Openbare onderwys was in wese nasionaal, afsonderlik voorsien vir die twee westerse taalgroepe. Christelike onderwys het 'n ideaal gebly.

'Bantoe'- of 'naturelle'-onderwys het geskiedkundig sy oorsprong by sending- of kerkskole gehad. 'n Groot verskeidenheid van kerke het die swart bevolking, wat tot in die twintigste eeu nog grootliks heidens was, bedien. Gevolglik was die Christelike gedeelte van die swart gemeenskappe in menigvuldige denominasies en sektes verdeel. Met die stigting van die Unie van Suid-Afrika in 1910 was daar nog geen koördinasie van skoolonderrig soos voorsien deur verskillende denominasies en die provinsies met die breë landsbeleid nie. Ontwikkeling van sendingskole na gemeenskapskole is aan die provinsies oorgelaat, wat ook vir blanke onderwys verantwoordelik was. Dit het beteken dat die vier provinsies elkeen afsonderlik die leerplanne vir swart onderwys bepaal het.

Omdat segregasie vanaf die ontstaan van die Unie van Suid-Afrika as landsbeleid aanvaar is, was daar 'n departement van naturellesake om die belange van swart mense te behartig en ook van die "naturellegebiede". Dit sou logies gewees het om swart onderwys met hierdie departement se werksaamhede te koördineer. In 1925 het hierdie departement die provinsies se finansiële verpligtinge t.o.v. swart onderwys oorgeneem. Toe in 1936 'n wetlike grondslag vir die segregasiebeleid geskep is, was die plan om swart onderwys by die Departement van Naturellesake in te skakel. Wetgewing was egter vertraag deur teenstand van provinsies en daarna

Vervolg op bl 10

het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Eers in 1954 is die Wet op Bantoe-onderwys deur Dr HF Verwoerd gepromulgeer en kon administratiewe stappe in werking gestel word om swart onderwys vanaf die provinsies na sentrale beheer oor te skakel.

Onderwys ná 1994

Die Woordeboek van die Afrikaanse Taal (WAT) gee die volgende definisie vir onderwys: *Handeling of proses van (iemand) veral op primêre en sekondêre vlak aan 'n opvoedkundige inrigting op 'n formele, doelbewuste metodiese en sistematiese wyse en gewoonlik volgens 'n vasgestelde leerplan in 'n bepaalde vak of vakke te onderrig en in die algemene deugde of aanvaarde norme van die samelewing op te voed.* Soortgelyke definisies word in andertalige woordeboeke aangetref.

Hiervolgens is die funksie van onderwys opleiding in die waardes van 'n samelewing. Dit is 'n kultuurtaak, normatief gerig deur 'n lewens- en wêreldbeskouing.

Vóór 1994 was die Suid-Afrikaanse samelewing volgens taal- en kultuurgroepe verdeel en so ook die onderwys. Blanke onderwys was die verantwoordelikheid van die vier (blank-beheerde) provinsies, terwyl swart onderwys in tuislande die verantwoordelikheid van tuislandregerings was. In die res van Suid-Afrika was swart onderwys die sentrale regering in Pretoria se verantwoordelikheid. Ná 1994 het die verdeling van die onderwys volgens taal- en kultuurgroepe oorgegaan tot 'n enkele onderwysbedeling, om die verskillende taal- en kultuurgroepe tot een Suid-Afrikaanse samelewing met 'n gemeenskaplike taal (Engels) te omvorm. Die nasionale departement van onderwys het die onderwysfilosofie en kurrikulum bepaal, terwyl die 9 provinsies veranwoordelik is vir die bedryf van onderwys aan alle leerders sonder onderskeid van taal en kultuur.

Sowel vóór as ná 1994 het Suid-Afrika nasionale onderwys gehad, onderwys wat deur die regering van die dag bepaal is, maar geen Christelike (reformatories-Bybelse) onderwys nie. "Nasionaal" is sowel vóór as ná 1994 verskillend gedefinieer: eers was dit verskillende nasionaliteite vir die onderskeie samelewings (nasies), elk met eie skole, daarna was dit één samelewing (nasie) met alle skole ewe toeganklik. Eers kon elke taal- en kultuurgroep aanspraak op eie skole maak, daarna is alle taal- en kultuurgroepe saamgesmelt tot een multikulturele samelewing. Daarmee gebruik die staat telkens weer die onderwys om sy politieke doel en strewe te verwesentlik.

Van rasionele na holistiese onderwys

Ons vakonderrig was sedert 1804 toe De Mist sy nuwe onderwyswet ingevoer het, lewens- en wêreldbeskoulik vasgevang in 'n wetenskaplike tradisie, wat sy oorsprong in die Griekse wysbegeerte van die eeue voor Christus gehad het en wat 'n moderne beslag in die tydperk van die Verligting gedurende die agtiende en negentiende eeue gekry het. Ons is ook produkte van hierdie tradisie, wat op 'n beskouing van noodwendigheid in die opvolging van gebeure berus.

As verbondsouers leer ons die Christelike godsdiens aan ons kinders vanaf moedersknie. In die katkisasie leer ons kinders van die voorsienigheid en uitverkiesing van God. Gelyktydig met katkisasie begin skoolonderrig, waar ons kinders, naas die aanvanklike lees en skryf, ingelei word in die 'wetenskaplike' vakke soos aardrykskunde, natuur- en skeikunde, biologie en wiskunde. Ons kinders leer dat die son elke dag op 'n vasgestelde tyd opkom – altyd, noodwendig; dat waterstof en suurstof verbind om water te vorm – altyd, noodwendig; dat die som van die drie hoeke van 'n driehoek, soos Euklides dit ontdek het, gelyk is aan 180^0 – altyd, noodwendig.

Ons kinders leer van die wette van Mendel en van seldeling en chromosome, van mutasies en fotosintese. So is die "natuur" saamgestel. So werk dit - altyd, noodwendig. Nadat ons kinders geloofsbelydenis afgelê het en klaar gestudeer het, kom hulle hierdie wetenskapsopvatting keer op keer weer teë, by die lees van populêre wetenskaplike artikels in dagblaaie of tydskrifte of oor die radio of televisie.

Vandag word die Christelike gefundeerdheid van ons 'neutrale' vakonderwys met 'n nuwe Suid-Afrikaanse nasionalisme, wat in holisme gegrond is, vervang: alle volke en kulture moet tot een Suid-Afrikaanse nasie omvorm word. Ons het nog steeds nasionale onderwys, maar nou nie meer afsonderlik vir elke bevolkingsgroep nie. Ons het nou een onderwysbedeling vir alle bevolkingsgroepe gesamentlik, met vermenging van kulture en godsdienste in skole ter wille van nasiebou.

Die filosofiese begronding is dat die geheel (die een nasie) meer is as die som van die dele (die onderskeie tale, kulture, en godsdientes). Dit is holisme. Die leerders hoef nie meer alles in besonderhede te ken nie. Besonderhede kan nageslaan word in boeke of op die internet. Jy moet net weet waar om dit te kry. Wat saak maak is jou gewaarwording, jou insig, jou bydrae tot die lewenspraktyk van mens, die samelewing en die staat. Dit alles moet met uitkomsgebaseerde onderwys en groepbesprekings bereik word, met die onderwyser as fasiliteerder.

Teenoor die lewens- en wêreldbeskoulike van Kurrikulum 2005 geld die mandaat van die mens, as beelddraer van God, om te heers, te bewerk en te versorg. Hierdie mandaat tot versorging en kultuurvorming, die kultuurmandaat, kan slegs uitgevoer word as die mens die gereedskap het. Die basiese gereedskap is kennis van die Skrifte.

Dit is daarom die doel van die Bybelgefundeerde kurrikulum om 'n leerling op te voed dat hy God sal eer en Hom sal dien deur sy roeping na te kom in die uitvoering van die kultuurmandaat, met die talente en geleenthede wat God gee. Onderwys mag nie 'n kind beïnvloed om sy doelwitte in die lewe onafhanklik van God, kerk en gesin te stel nie, soos Kurrikulum 2005 van die nuwe onderwyswet dit doen nie. Die daarstelling van Christelike onderwys teenoor die nasionale onderwys van die Staat is daarom 'n gewetensaak vir elke gelowige.

Dr Robert Matzken van Nederland oorlede

(Huldigingsbydrae deur prof OA Henning namens VCHO en alle Christen-opvoeders in Suid-Afrika)

Voorstanders van Christelikgefundeerde wetenskap, veral op die terreine van Opvoedkunde en Teologie, was geskok om te verneem van die heengaan van dr Robert Matzken van die Evangelische Hoogeskool te Amersfoort, Nederland.

Robert Matzken was direkteur van die Sentrum vir Bybel en Onderwys in Amersfoort en goed bekend aan verskeie eksponente van Bybelgefundeerde Opvoedkunde en Onderwys in Suid-Afrika en wêreldwyd. Hy was deeglik op hoogte van onderwysaangeleenthede in Suid-Afrika. Op 3 Februarie 2004 is hy tragies oorlede as gevolg van 'n motorongeluk in Nederland.

Diep dankbaar teenoor die drie-enige God vir die lewe en nalatenskap van Robert Matzken, huldig ons laasgenoemde as een van die mees toegewyde, produktiewe harde werkers op die opvoedkundige en ander wetenskaplike akkers in Gods Koninkryk. In sy werk was hy toonbeeld van 'n navorser, skrywer en spreker wie se ywer gekenmerk was deur 'n tempo en deeglikheid ten opsigte waarvan medestanders moes uithaal om by te bly.

As opgeleide missioloog het dr Matzken hom ondermeer verdiep in die bestudering van alle wêreldgodsdienste, waarvan hy 'n uitnemende kenner was. Daarom kon hy met gesag veral ten opsigte van Christelikgefundeerde onderwys, godsdiens op skool en sinkretistiese bedreiging deur die religieuse pluraliteit wat tans voorgestaan word, alarm maak. Hy kon veral ten opsigte van sy kritiese deurskouinge van onchristelike en nie-christelike tendense sorg vir wetenskaplike diepgang in sy bydraes. Matzken het die gevare van sekere ingrypende veranderinge in hedendaagse kurrikulering en onderwysstelselontwerpe treffend belig en aan die

kaak gestel. As dit tog maar deur onderwysmense, ouers en andere gelees sou (kon) word!

Dr Matzken se klem op relevansie en geloofwaardigheid van Christelike onderwys vir almal in multikulturele omstandighede, het allerweë oortuig. In geskrifte en voordragte het hy lankal reeds goed-deurdagte, wetenskaplik-verantwoorde waarskuwings geformuleer teen die neigings en pogings wêreldwyd en in Suid-Afrika om, veral in skole, alle godsdienste op gelyke voet saam te gooi (sinkretisme). Hy het die nadele van die pluralisme as grondslag en uitkoms van die New Age-beweging en postmodernistiese lewensfilosofieë aan die kaak gestel. Matzken was 'n sterk kampvegter vir die Bybel as grondslag van die onderwys vir almal – ook in multikulturele omstandighede. So was hy dan 'n teenstander van die aktiwiteit en uitkomste van die sogenaamde wêreldparlement van godsdienste.

Dr Matzken het altyd gepoog om die aandag van ouers en onderwysers op die onderwysproblematiek van ons tyd te vestig. Hy was onrustig omdat ouers en onderwysers soms apaties reageer teen veroordelings van openlike en verskuilde sosialisties-humanistiese, neo-Marxistiese en ander tendense in die onderwys en dié waarskuwings geringskattend afmaak as fundamentalistiese oordrywings. Christen-opvoedkundiges wat erns maak met die opvoedingsbelange van die kinders van alle bevolkingsgroepe deel Matzken se kommer oor 'n gebrek aan kennis by ouers en onderwysers aangaande motiewe wat aan die wortel en agter nuwe kurrikulums, handboek-inhoude en die onderwysstelsels in die algemeen sit. Dr Matzken se geskrifte en wêreldwye kongres-optredes vorm 'n kosbare nalatenskap vir die Christendom. Daarin vind ons kennis en antwoorde rondom die grondpeilers van byvoorbeeld die temporêre houding van owerhede oor godsdiens in skole.

Robert Matzken het hom ook verdiep in die wêreldwye problematiek van multikulturele onderwys. Sy gebalanseerde opvattinge aangaande verdraagsaamheid in multikulturele, multigodsdienstige omstandighede is leersaam, want hy hanteer dit op 'n wyse wat glad nie die uniekheid van Christus teenoor ander godsdienstige heilsfigure aantas nie. In sy beredeneringe van hierdie sensitiewe soort van problematiek, was Matzken merkwaardig praktykgeoriënteerd.

Te midde van die kommer dat talle onderwysers en ouers nie oor die transendentaal-kritiese en immanent-kritiese apparatuur beskik om die verskuilde en selfs openlike nie-Christelike/onchristelike geestesmagte in skoolhandboeke en kinderliteratuur raak te sien nie, salueer ons vir Rob Matzken wat byvoobeeld 'n diepgaande studie van die kinderliteratuur gemaak het. Hy het by-

Vervolg op bl 12

Die Bybel oor die gesin:

"Wie sy huishouding verwaarloos, sal naderhand net wind oor hê." – Spr 11:29

Dr Robert Matzken

Vervolg van bl 11

voorbeeld 1800 (later nog meer) kinder- en jeugboeke getoets en opgeteken wat goed was vir kinders om te lees en wat vermy behoort te word. Hy het bevind dat meer as 'n kwart van die boeke wat ná 1980 verskyn het, die okkulte as tema bevat het. Kinders word vandag selfs in skole gemanupileer om (by wyse van speletjies) sogenaamd solidêr met ander godsdienste om te gaan en om daarvan te leer deur aan laasgenoemde se rituele deel te neem.

Dr Matzken se werk op alle vlakke van sy ryke akademiese bedrywigheid, kan getipeer word as 'n belangrike handreiking aan ouers, opvoedkundiges en onderwysers in 'n uiters problematiese tydsgewrig. Sy bydraes stimuleer pogings om kinders tuis en op skool steeds na God omhoog te lei.

Met innige meegevoel aan mev Nelli Matzken en haar gesin, huldig ons 'n man wie se verrykende Christelike invloed waardeer word. Menslik gesproke betreur ons dit dat sy vermoëns en invloed verder ontbeer sal moet word. Mag God sy gesin, kollegas en vriende kennelik troos en bystaan. Die VCHO en Suid-Afrika groet vir Robert Matzken.

Ons lesers sê...

Is "eie identiteit" verdedigbaar?

Hierdie vraag is eintlik heel oorbodig. Ek sou dit ook nie gestel het as tema nie, as dit nie in ons tyd al meer en meer gebeur dat uit verskeie (lees: een en dieselfde) oorde juis in die openbaar groot geraas gemaak word hieroor nie. Die styl is duidelik propagandisties: as jy 'n slagspreuk (hoe onwaar dit ook al mag wees) lank genoeg herhaal, dan glo die nie-denkende massa naderhand dat jy die waarheid praat. 'n Duidelike voorbeeld is juis die tema van hierdie paar reëls.

'n Senior politikus spreek in die Vrystaat senior onderwysmense toe en trek met aggressie te velde teen diegene wat eie Afrikaanse/Christelike skole wil behou, omdat dit dan "bolwerke vir apartheid" sou wees!

Dieselfde tema word deur 'n politieke funksionaris op 'n besoek aan Australië dáár aan die publiek verkondig. Die minister is op rekord dat hy in sy beleid verklaar het om eie identiteite, waarvoor daar "geen plek bestaan" in sy soort skole nie, met wortel en tak uit te roei. In hierdie proses ontneem die agbare minister alle moedertaalsprekendes, behalwe die Engelssprekendes, hulle taalregte.

Met sy humanistiese Nuwe Era begronding is die minister egter ook fluks op pad om alles wat na "eie identiteit" ruik, soos 'n onwelriekende vuilheid verdag te maak en te verwerp. Ouers, beheerrade, onderwysers en leerlinge – en les bes, die hele Christelike gemeenskap – sal veiliger wees indien ons weer 'n keer eiendomlike erfgoed gaan opweeg teen die valse goud van sekere humanisitese aansprake – wat dikwels gladnie bewys kan word nie!

Het u al mooi gedink oor die UGO debakel van ons graad 10 leerders in 2003? Het u gesien wat universiteite bevind oor ons kinders se lees- en rekenvermoë? Waarom is dit nodig om vir matrieks (wat belaai is met onderskeidings) aan elke technikon en universiteit 'n aanpassingskursus aan te bied sodat hulle kan verstaan wat aangaan? Waarom word studente wat beswaarlik Engels kan gebruik, in 'n politieke dwangbuis geplaas om te stem vir taalregte waar die Afrikaner se eie identiteit weggekalwe moet word? Weet u van enige tradisioneel Engelstalige inrigting wat verplig word om dubbelmedium onderrig te gee?

"Die prys van vryheid is ewigdurende waaksaamheid", het ons altyd vir mekaar gesê. Het hierdie prys nou te duur geword vir my volk om te betaal vir sy eie identiteit? – C Bester

U kan gerus aan die VCHO skryf oor die wyse waarop u meen, ons Christene in hierdie sake ten beste die Skrif kan gehoorsaam. – Red.

Pretoria-seminaar: 27 April

Danksy die goeie ondersteuning van ons lede van Pretoria en omgewing, kon in die verlede verskeie seminare oor die onderwys met groot sukses aangebied word. Verhelderende perspektiewe oor wat besig is om in die onderwys te gebeur, is en word daardeur oorgedra.

Tydens afgelope seminare is veral op die manifestasies van die onderliggende onderwysfilosofie wat die heersende onderwysbedeling ten grondslag lê, gefokus. Daaruit moet veral die gevolgtrekking gemaak word dat die onderwyssisteem daarop gerig is om landsburgers van wie die denkraamwerk (paradigma) en lewensoortuiging na die ideologiese paradigma van die staat en sy instrumente gemodelleer sal wees, op te kweek.

Aanbiedinge van afgelope seminare het dit baie duidelik gemaak dat daar nie deur die onderwysowerheid daarmee genoeë geneem word dat aan kinders wat van huis uit in die Christelike leer en lewensoortuiging grootgemaak is, voortgesette onderwys in die Christelike tradisie gebied sal word nie. Dit is onteenseglik die bedoeling – te oordeel aan die inhoud en strekking van die referate tydens 'n vorige seminaar – dat deur die soort onderwys wat die staat voor oë stel, 'n sosiale transformasie na iets radikaals anders as wat met Christelike onderwys beoog word, moet plaasvind.

Daar kan geargumenteer word dat dit in die onderwys slegs om blote kennisoordrag gaan. Elkeen inter-

Vervolg op p 16

Gelowiges se nalatenskap

Vervolg van bl 8

moderne" uitsprake ook in die Bybel voorkom. "In daardie tyd was daar nog nie 'n koning in Israel nie, en elkeen het gedoen wat reg is in sy eie oë." – Rigters 21:25 "'Wat is waarheid? Sê Pilatus toe vir Hom." – Johannes 18:38. "Uit de Bijbel kunnen wij dus leren hoe aan postmodernen effectief te communiceren."

Sy oproep is om ons jeug en hul leiers opnuut te leer om die Bybel te lees en hulle met Bybelse begrippe vertroud te maak. Hy daag ouers uit om oor te stap na die 21ste eeu en jongmense om nie die leer van vroeër te verag nie, maar leiding te aanvaar. Ouers, leraars en leiers moet die werklikheid van Kolossense 2:2-9 (v. 2 ".. en saam strewe na diep en volledige insig sodat hulle God se geheimenis kan ken...") in hul eie lewe toepas, dan kan hulle dit aan die jongmense oordra.

Uittreksels uit dr Matzken se lesing illustreer dat selfs na 'n persoon se dood sy/haar nalatenskap mense se lewe kan verryk en toerus vir hulle taak op aarde. *Vgl. ook huldigingsartikels op bl. 11)* Elke Christenouer het ook 'n nalatenskap. Christenouers se belangrikste nalatenskap aan hulle kinders is dat hulle lewe op Christus gewys het. Maak seker van u nalatenskap!

Dag van gebed vir Bybelgenootskappe

'n Aantal vergaderings is van 6-9 Mei in 1946 in Engeland gehou. Dié vergaderings het gelei tot die stigting van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe. Met die afsluiting van die byeenkoms het dr William Platt in 'n "Resolusie van dankbaarheid en Toewyding" die afgevaardigdes uitgenooi om tot die Here te bid. **Onthou om op 9 Mei in gebed in te tree vir die werksaamhede van die Wêreldbond van Bybelgenootskappe.**

Gebed van 'n Amerikaanse skolier

"Now I sit me down in school
Where praying is against the rule
For this great nation under God
Finds mention of Him very odd.
If Scripture now the class recites,
It violates the Bill of Rights.
And anytime my head I bow
Becomes a Federal matter now.

Our hair can be purple, orange or green,
That's no offense; it's a freedom scene.
The law is specific, the law is precise.
Prayers spoken aloud are a serious vice.

For praying in a public hall
Might offend someone with no faith at all.
In silence alone we must meditate,
God's name is prohibited by the state.

We're allowed to cuss and dress like freaks,
And pierce our noses, tongues and cheeks.
They've outlawed guns, but FIRST the Bible.
To quote the Good Book makes me liable.

We can elect a pregnant Senior Queen,
And the 'unwed daddy,' our Senior King.
It's "inappropriate" to teach right from wrong,
We're taught that such "judgments" do not belong.

We can get our condoms and birth controls,
Study witchcraft, vampires and totem poles.
But the Ten Commandments are not allowed,
No word of God must reach this crowd.
It's scary here I must confess,
When chaos reigns the school's a mess.
So, Lord, this silent plea I make:
Should I be shot; My soul please take!
Amen"

Verbondsgesin

Vervolg van bl 5

Die huisgesin is dus ook 'n unieke skepping van die Here. Dit is anders as al sy ander skeppings. Die vader, moeder en kinders het 'n besondere verhouding tot mekaar. Uit die besondere liefdesverhouding waarin geestelike en liggaamlike eenwording van 'n man en vrou plaasvind, word hulle kinders gebore. Daar is dus 'n besondere liefdesband en 'n bloedband wat gesinslede verbind.

So 'n verbintenis en verhouding bestaan nêrens anders in die samelewing nie. Dit 'n klein koninkryk op sy eie, met sy eie bestaansterrein, regte, pligte en verantwoordelikhede. Die ouers het bv. die reg om hulle kinders te straf. Dit moet egter altyd in liefde plaasvind. Iemand anders mag dit nie sonder meer doen nie. Die kinders is verplig om in die ouerhuis te bly. Die ouers is verplig om hulle kinders te versorg (kos, klere, huisvesting ens). Die kinders moet hulle ouers gehoorsaam. Wedersyds moet hulle mekaar liefhê.

Die huisgesin is nie 'n menslike uitvindsel nie, dit 'n besondere skepping en gawe van God. Daar is geen plaasvervanger vir die huisgesin nie. Dit is 'n onverbreekbare eenheid (Mat 19. , 1 Kor. 7, Eks. 20 ens.)

Die doel

God se doel met die gesin is:

- Gesamentlike Godsverering
- Wedersydse hulp (Gen 2:18, Ef 5:25)
- Vermeerdering van die mensdom (Gen 1:28)
- 'n Bolwerk teen onkuisheid (1 Thes 4:3-8, 1 Kor 6 en 7:1-2)

Dan word dit:

- 'n Basis vir die samelewing
- 'n Leerskool
- 'n Vennoot vir kerk, skool en staat.
- 'n Werktuig vir die Here en Sy Ryk as die kindertjies na Hom gebring word (vgl Deut. 6, Mat.19:13-15, ens.)

Opvoeding gerig op die volgende paar miljoen jaar

- dr L Hoffman

Opvoeding van kinders bly 'n groot voorreg en verantwoordelikheid. Verbondsouers het 'n groter voorreg en verantwoordelikheid as ongelowige ouers, naamlik om hulle kinders voor te berei vir Koninkryksdiens en 'n lewe wat uiteindelik oor etlike mlijoene jare gaan strek.

Die Bybel vertel van die mens geskape na God se beeld, besig met baie verskillende aktiwiteite. Een mens kan skape oppas, dig, die lier bespeel, oorlog maak en stede bou, vergelyk Dawid in die Ou Testament. Daardie een mens se hele lewe word gedra deur die feit dat hy die Here ken, liefhet en wil gehoorsaam. Dit is waar van elke kind en volwassene. Ons verhouding met die Here moet die bepalende faktor wees in ons huisreëls, in ons styl van kommunikasie en in die beplanning van ons eie en ons kinders se programme.

Vir 'n verbondsouer kan dit nooit genoeg wees dat hulle kinders net akademies opgevoed word nie. Christenskap moet 'n bepalende rol in daardie akademiese opvoeding speel. Christenskap moet 'n bepalende rol in kinders en grootmense se sportmanskap speel, en so meer. Indien dit nie gebeur nie kan 'n kind/jongmens maklik tot die gevolgtrekking kom dat my lewe soos een lang trein met verskillende kompartemente is: wat in die een gebeur het weinig te doen met die ander kompartemente.

Die Bybel se mensbeeld is dat 'n Christen se lewe eerder soos 'n wiel is: my verhouding met die Here en die gevolglike vorming van my waardes en norme, staan in die middelpunt. Alle ander fasette van my lewe word hierdeur beïvloed. Indien dit al meer die geval is in 'n ouer se lewe sal die kind onder die indruk kom van die heerskappy van die Here en alles daaraan begin toets.

Aanvaar die uitdaging: laat Jesus Here wees oor alles waarmee u en u kinders/ kleinkinders besig is. Help die kind/ kleinkind om te sien dat hulle verhouding met die Here byvoorbeeld hulle siening van die ontstaan van alle dinge (skepping, eerder as toevallige ontwikkeling) beïnvloed, dat 'n Christen altyd sy bes doen, want hy/sy doen dit vir die Here, dat 'n Christen nie afloer in die toets en nie disrespekvol met hul onderwysers of ouers praat nie, en so meer. Godsdiens is nie net nog 'n kompartement van my lewe nie, dit kleur my hele lewe.

Daarmee word die Here se Naam verheerlik en is u reeds besig met u lewe wat oor die volgende paar miljoen jaar sal strek. Die Here se kinders kan uitsien na die ewigheid en is nou reeds besig met daardie lewe. Wat 'n verantwoordelikheid het ons teenoor ons kinders!

Die Here se opdrag aan ouers en grootouers:

"Wat ons gehoor het en wat ons weet, wat ons vaders ons vertel het, sal ons vir ons kinders nie verswyg nie. Ons sal aan die volgende geslag vertel van die roemryke dade van die Here en van sy mag, van die wonderdade wat Hy gedoen het.... sodat die volgende geslag dit kan weet en die kinders wat nog gebore sal word, dit weer aan húlle kinders kan vertel. So sal hulle dan op God vertrou en nie vergeet wat Hy gedoen het nie, maar gehoorsaam wees aan wat Hy beveel het..." Ps 78:3-8



(Diagramme en illustrasies met dank en erkenning geneem uit: *Geestelike groei van ons kinders* deur John Trent, Rick Osborne en Kurt Bruner, asook *Speel met jou kind* deur Rina Smith, in samewerking met Thys Smith)

DIE JONGSPAN

Tannie Aletta

Dagsê Maats,

Maartmaand – alweer 'n kwartaal lank in die nuwe jaar! Wat hou die jaar vir ons in?

Ek het 'n legende van 'n skoenmaker gelees wat 'n besondere droom gehad het dat die Here Jesus hom op 'n sekere dag sou kom besoek. Hy het vroeg opgestaan, sy winkel skoon uitgevee en alles mooi en netjies gemaak – toe gaan sit hy en wag. Na 'n tydjie kom 'n kind laggend en opgewonde by die winkel ingehardloop en vra die skoenmaker om saam met hom te kom bal speel. "Loop weg," het die skoenmaker gesê, "ek het nie vandag tyd vir jou nie." Die kind het trane in sy oë gekry, omgedraai en telerugesteld weggestap.

Later in die dag het 'n ou vrou met 'n swaar bondel op die rug op die trappie voor sy deur kom sit en rus. "Jy moenie hier in die pad sit nie," het die skoenmaker ongeduldig gesê: "Ek verwag vandag 'n baie belangrike Besoeker." Die ou vrou het al struikelend voortgestap.

Dit het aand geword; die donker het gekom; en eindelik het die skoenmaker sy deur gesluit en gaan slaap, bitterlik teleurgesteld dat sy Besoeker nooit opgedaag het nie. Daardie nag het die Here Jesus weer in 'n droom aan hom verskyn en gesê: "Ek het gekom, maar jy het My nie ontvang nie. Ek was daardie laggende kind en Ek was daardie moeë ou vrou."

Maats, die Here Jesus kom na ons in die gewone alledaagse dinge van die lewe, in die alledaagse gebeurtenisse, in ons "toevallige" ontmoetings met heel gewone mense, in die welbekende verhoudings met ons huisgenote en in ons werk, en by die verrigting van ons gewone dagtaak. As ons Hom net in die groot dinge daar veraf soek, sal ons Him mis. Die Here Jesus sê vir ons: "Kyk, Ek staan by die deur en Ek Klop."

Ons hoor so dikwels dat mense met 'n sug sê: "Nou ja, ek moet glo maar die beste van die saak maak, is 'n goeie lewensreël, maar dan moet dit geskied nie slegs met 'n sug van onderwerpenheid nie, maar met moed en geesdrif en die voorneme om die allerbeste daarvan te maak. Ons moet probeer om die geleenthede van elke dag raak te sien en dit op die beste en edelste manier te gebruik.

Maats, het julle ook die voorneme om die **allerbeste** van jou lewe aan Jesus te wy? Ja, as jy 'n gesonde selfbeeld het, dan sal jy dit ook gladnie moeilik vind nie.

'n Gesonde selfbeeld:

'n Gesonde selfbeeld is om jouself te sien soos God jou sien – nie beter nie en ook nie slegter nie.

Bou 'n gesonde selfbeeld deur jouself te leer ken soos die Bybel sê jy is. Die volgende is 'n lys 'Ek is'-verse. As jy dit leer, sal dit spoedig deel van jou wese word. Jy kan ook ander verse soek wanneer jy hierdie ken.

Ek is . . .

1. 'n kind van God {Romeine 8:16}
2. vergewe {Kolossense 1:13-14}
3. uit genade gered deur geloof {Efesiërs 2:8}
4. vrygespreek {Romeine 5:1}
5. 'n nuwe mens {2 Korintiërs 5:17}
6. onder leiding van die Gees van God {Romeine 8:14}
7. onder die Allerhoogste se beskerming waar ek ook al gaan {Psalm 91:11}
8. vry van al my bekommernisse {1 Petrus 5:7}
9. tot alles in staat deur Hom wat my krag gee {Filippense 4:13}
10. in staat om elke gedagte aan Christus gehoorsaam te maak {2 Korintiërs 10:5}
11. verander deur my denke te vernuwe {Romeine 12:2}
12. die geregtigheid van God in Christus
13. 'n volgeling van die voorbeeld van God {Efesiërs 5:1}
14 vol vreugde en blydskap {Job 8:21}

Barbara Johnson

Iets om oor te dink

Dank God vir die talle onverdiende seëninge wat Hy jou skenk . . . en vir die verdiende straf wat Hy van jou weerhou!

Van die hardwerkendste mense laat soms die kosbaarste tyd ongebruik verbygaan . . . God se genadetyd!

E A Boshoff

Bybelblok

Af:

1. Die rivier wat die grens vorm tussen Moab en die Amoriete
2. In hierdie Filistynse stad was die ark van God (1 Sam 54:1).
3. Profeet wat baie wonders gedoen het.
4. Leërowerste van Absalom (2 Sam. 17:23).
5. Moeder van Gomer (Hosea 1:3).
7. Seun van Dawid.
8. Seun van Harim (Esra 10:21).
9. Hier het Paulus aan boord gegaan van 'n skip, nadat hy Eutichus wat uit 'n venster geval het, gesond gemaak het.
10. Jesaja spreek van hierdie land in sy profesie oor die Immanuelteken (Jesaja 7:18).
11. Land wat Paulus besoek het op sy sendingreise.

Dwars:

1. Seun van Asaf (1 Kron. 25:2)
5. Seun van Jakob (Gen 35:25).
6. Vrou van Lameg (Gen. 4:19)
12. Abraham het dit saamgeneem na die berg Moria om Isak te offer.
13. Abraham het dit geoffer in die plek van Isak.
14. Die land waarheen Israel in ballingskap weggevoer is.



Bybel in aanvraag

Georganiseerde Bybelverspreiding is geïnisieer deur die besef van die nood aan die Bybel in die gewone mens se lewe. Die nood het onder die aandag gekom van eerwaarde Charles in die dorpie Bala in Wallis, na aanleiding van 'n jong meisie (Mary Jones) se 40km staptog tot by hom, op soek na 'n Bybel. Dit het gelei tot die stigting van die Britse en Buitelandse Bybelgenootskap (BBBG) in 1804, ten einde bekostigbare Bybels in Wallis en die res van die wêreld beskikbaar te maak.

Tans voorsien die Bybelgenootskap van Suid-Afrika ongeveer 'n half-miljoen Bybels per jaar aan Afrika, waar die Christendom die grootste groei toon. Tussendeur al die stryd en konflik in Afrika is die evangelieboodskap tog besig om tuis te kom.

Daar is ongeveer 360-miljoen Christene in Afrika en die visie van die Bybelgenootskap in Suid-Afrika is om te sorg dat daar genoeg Bybels vir almal beskikbaar is. Aan die Bybelgenootskap, wat hierdie jaar sy tweehonderdjarige bestaan vier, word seën met sy grootse taak toegebid.

Seminaar *Vervolg van bl. 12*

preteer dan maar net die leerinhoude na gelang van sy of haar eie vooronderstelde lewensoortuiging, en, met die byvoeging van 'n bietjie christelikheid hier en daar, kan die gevaar van 'n verskuiwing in denke en oortuiging (van Christelik na sekulêr byvoorbeeld) oorkom word. Enige onderwyskundige sal kan bevestig dat die proses van onderwysing nie op hierdie ongekontroleerde wyse kan verloop nie. (En ons sal graag hulle standpunte hieroor wil verneem.) Die onderwysowerhede besef dit ook, daarom maak hulle seker dat die aanbieding en interpretasie van die leerinhoude so sal wees dat dit versterkend inwerk op die ideologiese gestaltegewing soos wat die staat dit afdwing. Dit verklaar waarom die onderwys multi-godsdienstig en -kultureel moet wees.

Dus moet gekonkludeer word dat die besondere onderwysfilosofiese benadering wat deur die betrokke onderwysowerheid gevolg word, deurslaggewend is vir die soort onderwys wat gebied en die uitkomste wat nagestreef word. 'n Sekulêre onderwysbedeling kan derhalwe op geen wyse hoegenaamd pasgemaak word vir Christelike onderwys nie en andersom. Indien ouers in Suid-Afrika nog Christelike onderwys vir hulle kinders wil verseker, sal daar deur die ouers self daarvoor voorsiening getref moet word en wel op so 'n wyse dat dit durend van aard sal wees. Die idee dat 'n sekulêre onderwysbestel (hopelik) Christelike landsburgers sal voortbring kan ons maar agterlaat.

Ons wil graag tydens die komende seminaar veral ook aan hierdie saak aandag gee. As Christelike onderwys nog u erns is, doen ons 'n beroep op ouers en onderwysers om die seminaar te Pretoria op 27 April by te woon. Besonderhede daarvan verskyn elders in hierdie uitgawe.

Bybelonderrig op laserskyf

Die VCHO se Bybelonderrigprogram in Afrikaans vir grade 1 tot 12 is steeds beskikbaar. Die koste beloop R90 plus posgeld en verpakking. Bestellings kan by die VCHO-kantoor geplaas word.

Die Hoofbestuur van die VCHO verklaar hiermee dat die standpunte van outeurs in Roeping en Riglyne nie noodwendig die amptelike standpunt van die VCHO is nie.

ROEPING
EN
RIGLYNE

REDAKTEUR: Ds C Bester
KERN REDAKSIE: Prof OA Henning, Prof AWG Raath, Prof DFM Strauss
MEDEWERKERS: Mnr HJ Hayes en dr L Hoffman

VCHO 50

Die Hoof Uitvoerende Beampte
Posbus 1824
Barnesstraat 41
Bloemfontein 9300

Tel. (051) 448 9160 of
(051) 448 4464
Faks (051) 448 4669
E-pos: vcho@mjvn.co.za
Tuisblad:
http://www.vcho.co.za

HOOFBESTUUR

Prof AWG Raath (Bloemfontein, Voorsitter), Mnr. S le Cornu (Potchefstroom), Prof PH Stoker (Potchefstroom, Ondervoorsitter), Ds G van Heerden (De Deur), Prof R Marè (Pretoria), Dr IH Horn (Pretoria), Ds G Opperman (Sannieshof), Dr HG Stoker (Pretoria), Prof EJ van Niekerk (Pretoria).

Gekoöpteerde lede: Ds H Hefer (Brakpan), Ds FJ van der Merwe (Koster), Dr JAE Adendorff (Germiston).

Uitvoerende Beampte: Mnr HJ Hayes

Gedruk deur CLF-Drukkers • Tel: (051) 403 8500